

Verlossing: My vreugde as vreemdeling (I Pet 1:1-12).

Gebed

O soewereine en lofwaardige God, groot in ontferming, U het dit so beskik dat ons nou 'n nuwe Bybelboek deurwerk. Staan ons by deur U Gees en versterk ons weer hierdeur.

Die grootste massa mense rondom ons lewe net voort in 'n gejaag na rykdom eer, alles oor die eie ek. As ons, uit dankbaarheid, anders leef, voel ons soos vreemdelinge. Daarmee saam lei dit ook dikwels tot swaakry en beledigings.

Open ons oë in hierdie gedeelte vandag, dat ons U grootheid, krag en soewereine optrede sien en ervaar. Laat dit ons met soveel vreugde vul, dat ons sal oorloop daarvan en U al die eer en lof en aanbidding sal gee.

Amen

Skrifoordenking

1. *Uitverkore, gekoopte, geheiligde vreemdelinge*

1 Petrus, 'n apostel van Jesus Christus

aan die vreemdelinge

van die Diaspora in Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië.

2 hulle wat uitverkies is volgens die voorkennis van God die Vader om deur die heiligmaking van die Gees gehoorsaam te wees en met die bloed van Jesus Christus besprinkel te word:

Mag genade en vrede in oorvloed aan julle geskenk word. (I Pet 1:1-2, 2020)

As ons eers net fokus op dit wat heel links sit in die indentering, sien ons:

1. Petrus, die dissipel wat op water probeer loop het, Jesus verloën het en tog drieduisend mense tot bekering gepreek het na die uitstorting van die Heilige Gees skryf hierdie brief.
2. Hy skryf dit aan die vreemdelinge van die Diaspora. Diaspora was die gelowiges in verstrooiing. In daardie tyd is die Christene vervolgd en moes hulle as gevolg daarvan uit Jerusalem vlug. Heidene het ook tot bekering gekom. Hulle is vreemdelinge oral oor die wêreld, want hulle is uitverkore burgers van God se koninkryk.
3. Hy spreek dan vir hulle 'n seënswens uit: Genade en vrede in oorvloed. En soos mens die brief van Petrus deurwerk, kry mens waarlik genade en vrede in oorvloed!

Die gedeelte tussenin vertel vir ons wat dit beteken om vreemdelinge te wees. Let op hoe elk van die Drie-eenheid 'n rol hierin speel:

- God die Vader het hulle uitverkies (verlede tyd) volgens sy voorkennis vir twee dinge [so ons skuif dit een na regs]
- Die Gees bewerk heiligmaking wat tot gehoorsaamheid lei (teenwoordige tyd)
- Jesus Christus besprinkel hulle met sy bloed (teenwoordige tyd)

Dubbelpunt: Die gevolg genade en vrede in oorvloed as geskenk!

2. Loof God, die Vader, vir Sy ontferming en krag

3 *Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus!*

Dit is Hy wat ons

in sy groot ontferming,

deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood,

opnuut verwek het (wedergebore, 1953)

sodat ons 'n lewende hoop mag hê

4 op 'n *erfenis*

wat nooit vergaan, besmet word of verwelk nie,

en wat in die hemel vir julle in bewaring gehou word —

5 ja, vir *julle* wat,

deur julle geloof,

deur die krag van God

bewaar word vir die verlossing

wat gereed is om in die eindtyd geopenbaar te word. (1 Pet 1:3-5, 2020)

Petrus skryf die brief om sy lesers van heiligmaking en die eise van swaarkry te leer. Maar voor hulle daarvan kan leer, moet hulle eers God se groot ontferming en Sy soewereine krag raaksien en beseef hoe lofwaardig Hy is.

Hy begin dan met die woorde:

Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus!

Die rede vir die lof word in hierdie paragraaf bespreek. God het iets gedoen *sodat ons 'n lewende hoop mag hê*

Dit is Hy wat ons... opnuut verwek het. Dit is die hoof rede vir die lof aan God: Ons het die wedergeboorte ontvang.

Hierdie wedergeboorte is nie is wat ons verdien het nie – dit kom uit Sy groot ontferming. Ons kan dit ook nie self kry nie, die manier hoe ons dit kry is deur Jesus Christus se opstanding.

Hierdie lewende hoop is op twee dinge:

1. 'n Erfenis wat vir ons in bewaring gehou word.
2. en ons wat bewaar word vir die verlossing.

Petrus vertel ons dan meer van hierdie twee dinge:

Die erfenis sal *nooit vergaan, besmet word of verwelk nie,*

Ons word in bearing gehou deur ons geloof in die opstanding van Jesus Christus wat tot ons wedergeboorte gelei het. Maar selfs dit hang nie van ons af nie, maar volg ook deur die krag van God.

Waarvoor word ons bewaar? Vir die verlossing wat in die eintyd geopenaar sal word.

Geen wonder hierdie paragraaf het begin met lof en eer nie:

Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus!

3. En jubel met 'n God vererende blydskap, selfs in beproewings

6 Jubel hieroor,

al moes julle tot nou toe vir 'n kort tydjie deur allerhande **beprowings bedroef** word.

7 Die doel was dat dit duidelik sou blyk dat die egtheid van julle **geloof**

— 'n egtheid wat baie kosbaarder is as goud wat verganklik is,

maar nogtans met vuur getoets word —

uitloop op **lof en heerlijkheid en eer** wanneer **Jesus Christus geopenbaar** word.

8 Hom het julle **lief**,

al het julle **Hom nie gesien nie**;

en al **sien** julle **Hom nie nou nie**,

glo julle in **Hom**

en jubel julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap,

9 omdat julle **reeds deel het** aan die doel van julle **geloof**,

naamlik die **verlossing** van julle **siele**. (1 Pet 1:6-9, 2020)

Vers 6 begin met **Jubel hieroor**,

Dit verwys na die voorafgaande gedeelte. Die “hieroor” is die nuwe lewe en verlossing wat ons ontvang het. Dit kom uit God se groot ontfermings en Sy soewereine krag,

Die laaste deel van vers 8 loop ook uit op blydskap. Dan kry ons die rede in vers 9 met die woord “omdat” Daar staan: Omdat julle reeds deel het aan die verlossing. So, ons jubel omdat ons reeds deel het aan die verlossing.

Die doel van geloof is verlossing. Ons glo al hierdie wonderlike werk van God. Maar Petrus se lusiteraars sou dadelik begin wonder. Wat dan nou van al die swakry wat ons beleef. Hy maak dit duidelik:

6 Jubel hieroor,

al moes julle tot nou toe vir 'n kort tydjie deur allerhande **beprowings bedroef** word.

In vers 9 het hy gewys dat die doel van geloof verlossing is. Hier wys ht dat egtheid van geloof uitloop op lof en heerlijkheid en eer by die wederkoms. Beprowings toets die geloof en maak dit eg.

Vers 8 beslyf dan vir ons geloof:

8 Hom het julle **lief**,

al het julle **Hom nie gesien nie**;

en al **sien** julle **Hom nie nou nie**,

glo julle in **Hom**

Voorwaar, ons kan net **jubel julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap**,

As hier staan “**heerlike**” blydskap is die bedoeling nie ‘n blydskap wat “lekker” is nie. Die ESV vertaal dit so:

Rejoice with joy that is inexpressible and filled with glory (ESV). So, dis 'n blydskap wat jou so vol maak dat jy oorloop om God die eer en heerlijkheid te gee.

10 Oor hierdie *verlossing* het *die profete*, wat *geprofeteer* het oor *die genade wat vir julle bestem is*, *nagedink en navraag* gedoen. 11 Hulle het probeer *naspeur* na watter *persoon* of na watter *spesifieke tyd* die *Gees van Christus wat in hulle was*, *verwys* het toe *Hy vooruit getuig* het oor *Christus se lyding* en die *heerlikheid* wat daarop sou volg. **(I Pet 1:10-11, 2020)**

12 Aan *hulle* is *geopenbaar* dat *hulle*, wat *hierdie dinge* betref, *nie besig was om hulleself te bedien nie*, *maar julle*. *Hierdie dinge* is nou aan julle *meegedeel* *deur hulle* wat *die evangelie* aan julle *verkondig* het *deur die Heilige Gees* wat van die hemel *gestuur* is. *Selvs engele* begeer om *insig* hierin te verkry. **(I Pet 1:12, 2020)**

Ons gaan nie verse 10-12 in dieselfde detail behandel nie. Petrus wys hier uit dat die profete al oor hierdie verlossing geprofeteer het. Dit staan spesefiek heir dat hulle getuig het oor Christus se lyding en heerlijkheid en hulle is gelei daartoe deur die Gees. Dan wys Petrus se lesers daarop dat juis hierdie profesie juis nou in hulle vervul is. Dit het na hulle toe gekom omdat die Woord aan hulle verkondig is en die Gees in hulle gewerk het.

So, hierdie genade is ook vir jou bestem. Jy is tot 'n nuwe lewe verwek en verlos! Vul dit jou ook met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap?

4. Samevatting

Ons het vandag vier punte gesien. Die eerste punt was:

1. *Genade en vrede*
vir vreemdelinge

Petrus het sy brief geopen met die seënwenis van genade en vrede vir die vreemdelinge. Die vreemdelinge is *uitverkorenes, gekooptes en geheiligdes* deur die Drie-eenheid

Punt 4: Die gedeelte het ook afgesluit met die bevestiging dat *hierdie genade vir jou bestem is*.

Punte 2 en drie was lofbetuigings.

2. *Loof God*,
want *Sy dade*
lei tot 'n lewende hoop

3. *Jubel, selfs in swaarkry*
omdat julle
reeds deel het aan die verlossing

Die dade waarvoor ons Hom moet loof in punt 2 was *Hy het ons opnuut verwek* in *Sy ontferming* deur die *opstanding*.

En die lewende hoop waartoe dit lei is dan 'n *Lewende hoop* op twee dinge: *Erfenis word bewaar en ons word bewaar vir die erfenis*

In punt 3 het ons gesien ons kan Jubel, selfs in swaarkry, want Beprowings maak die geloof eg en die doel van geloof is ons verlossing

En daarom het ons as vreemdelinge in hierdie wêreld geloof en 'n ontuitspreeklike, heerlike blydskap selfs in beproewings.

So, ons tema vir vandag: **Verlossing: My vreugde as vreemdeling**

5. Oordenking

In vers 3 het daar gestaan: **Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus!** Vat jou Bybel en skryf die dinge neer, wat jou in vandag se gedeelte, God oor wil loof en prys, sodat jy dit netnou in jou gebed kan gebruik. Moenie die opsomming probeer gebruik nie, skryf neer wat jy van God raakgesien het in die teks self en wat jou persoonlik geraak het.

6. Dankbaarheid

Ons kan nie net passiewe luisteraars van God se Woord wees nie. In vers 2 staan daar:

om deur die heiligmaking van die Gees gehoorsaam te wees

Hoe het die Heilige Gees jou vandag vernuut en met vreugde gevul sodat dit tot dade van dankbaarheid en liefde in geloof gaan oorfloei? Dink mooi hieroor na en skryf ten minste een, baie spesefieke, voorneme neer waarin jou vreugde vandag gaan oorfloei.

In elkeen van julle wat vandag hierna geluister het gaan dit anders wees. Vir party miskien 'n belydenis, vir ander iets wat jy gaan doen vir iemand wat oor jou pad gaan kom. Vir ander gaan dit wees om hierdie goeie nuus vir iemand te gaan vertel (of die video te deel). Of 'n whatsapp, 'n oproep of besoek. Miskien 'n taak by die huis om jou geliefde se las te verlig. As die antwoord nog nie in jou hart is nie, sluit dit in jou gebed in en lees weer hierdie teks gedeelte biddend deur (vandag nog!), want dit kan jou nie onveranderd laat nie!

7. Aanbidding

Sluit hierdie sessie af in gebed soos die Gees jou lei.

As jy vandag riglyne nodig het om jou te help in jou gebed, gebruik die volgende:

- Gebruik dit wat jy neergeskryf het oor God en loof en prys Hom in jou gebed.
- Soos wat jy Sy grootheid besing, sal jy jou kleinheid besef. Bely jou swakhede voor Hom.
- Dank Hom vir dit wat Hy vir jou gedoen het en die gebede wat Hy reeds verhoor het.
- Bid vir krag en volharding om jou voorneme uit te voer, maar ook dit werklik uit vreugde sal oorfloei as 'n daad van dankbaarheid en nie 'n aksie om iets mee te verdien nie.
- Doen voorbidding vir die mense rondom jou.
- Daarna kan jy ook jou daaglikse behoeftes en krisisse by Sy voete neersit.

Vrede vir jou.

